# ēducātiō

Fakulteit Opvoedkunde



Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

April 2026

Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

# ēducātiō

**Fakulteit Opvoedkunde Publikasie**

**REDAKTEUR**
Elbie Els
eels@sun.ac.za

**SKRYWERS**
Elbie Els
Prof Mbulungeni Madiba
Dr Chrischar Rock
Agatha Lebethe
Dr Zelda Barends
Sisipho Maliwa
Nokwanda Siyengo
Dr Pauline Hanekom
Dr Tarryn Hallsall
Erika Potgieter
Tania Wait
Prof Anass Bayaga

**VERTALING & REDIGERING**
Taalsentrum

**GRAFIESE ONTWERP & UITLEG**
Elbie Els

**DRUKWERK**
African Sun Media

**VOORBLADFOTO**
Stefan Els

**FOTO'S BINNE PUBLIKASIE**
Verskaf, tensy anders vermeld.

**Voorbladfoto van links na regs:**
Bridget Botha, Ongeziwe Mali,
Reece Beukes, Prof Mbulungeni Madiba
(Dekaan), Mieke Smit, Stefney-Rose de Vries,
Dyan Buis

*Die menings wat in hierdie publikasie uitgespreek word, is nie noodwendig dié van die redakteur, die Fakulteit Opvoedkunde of Universiteit Stellenbosch nie.*

# VAN DIE REDAKTEUR



Om 'n onderwyser te word, is 'n belangrike besluit wat nooit ligtelik opgeneem moet word nie, want dit dra 'n diepgaande verantwoordelikheid om die denke, waardes en toekoms van ander te vorm.

Onderrig behels meer as net die lewering van inhoud; dit gaan oor die vorming van verbindings, refleksie en voortdurende groei, soos Bridget Botha gesê het (bl. 20).

Met passievolle, kreatiewe personeel soos Agatha Lebethe en Dr. Chrischar Rock (bl. 8) en nuwe geleenthede vir leer soos die beplande Digitale Innovasie- en Leerinstituut (bl. 32), hou die toekoms van onderwys opwindende belofte in, met leer wat meer toeganklik, persoonlik en boeiend as ooit tevore word.

Mag hierdie uitgawe van *Educatio* dien as 'n bron van inspirasie vir voornemende studente, sowel as huidige studente en alumni.

**Elbie Els**
*Fakulteit Opvoedkunde Bemarking en Kommunikasie*

*(Beskikbaar in Engels en Afrikaans op Fakulteit Opvoedkunde se webwerf.)*



# inhoud

**PERSONEEL**


Boodskap van die Dekaan ....5
Fakulteitsbestuur en Personeel .... 6
Onderrig wat inspireer: Dosente van die jaar....8
Gepubliseerde boeke deur personeel.... 9
Sosiale Impak toekenning vir Dr Barends se projek....10


**STUDENTE**


Opvoedkunde Studentekomitee.... 12
Van passie na beroep: Word 'n Grondslagfase onderwyser.... 14
Bemagtig jong leerders: Word 'n onderwyser in die Intermediêre Fase .... 16
Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) (Graad 10 - 12)
Nagraadse Onderwyssertifikaat (NOS).... 18
Verdere Studies: Nagraadse Programme.... 19
Graduandi se perspektief ....20
Die SciMathUS-program ....24
Praktiese Leer internasionale samewerking .... 26
Suncep: Internasionaliseringsprofiel.... 28
Maak Geskiedenis mobiel....30
Internasionale Pi Dag: Wiskunde in aksie deur betrokkenheid en sosiale Impak ....31


**FAKULTEIT**


Digitale Innovasie- en Leerinstituut (Hub): 'n Platform vir toekomsgepaste onderwyseropleiding .... 32
Bou onderwysers-selfvertroue met KI en tegnologieë ....34



Foto's: Stefan Els








# BOODSKAP van die **Dekaan**

Dit is merkwaardig dat ons ons reeds diep in die nuwe jaar bevind. Die strategiese voorbereiding van 2025 het ons Fakulteit in 'n sterk posisie vir 'n ambisieuse en transformerende 2026 geplaas.

Ons is gereed om nie slegs op die evoluerende landskap van die onderwys te reageer nie, maar om dit aktief te vorm. Ons gesamentlike pogings bevorder steeds ons visie om 'n vooraanstaande fakulteit, wat wêreldwyd vir uitnemendheid, innovasie en inklusiwiteit erken word, te word.

Een hoofprioriteit vir vanjaar is die amptelike bekendstelling van die Fakulteit se **Digitale Innovasie-hub**, wat as 'n sentrale platform vir digitale pedagogie, KI-bemagtigde onderrig en 21ste-eeuse onderwyseropleiding sal dien. Onder die leierskap van prof Bayaga het die Hub beslissend van konsep na beplanning beweeg. 'n Bestuurskomitee is gevorm, 'n omvattende sakeplan is ontwikkel en finansieringsaansoeke is ingedien. Waar die Hub vanjaar tot operasionalisering oorgaan, is dit gereed om die middelpunt van ons digitale transformasie en innovasie in onderrig en leer te word.

Ons is ook besig om ons **akademiese aanbod** uit te brei om aan nuwe onderwysbehoeftes te voldoen en om ons akademiese profiel te versterk. Ons sal aanhou om ons nuwe kwalifikasies (honneurs in opvoedkundige sielkunde en 'n Nagraadse Diploma in KI in Onderwys), wat in medewerking met die Skool vir Datawetenskap ontwikkel is, en ook kortkursusse in KI in Onderwys, te operasionaliseer. Ons sal voortgaan met die verkenning van die bekendstelling van 'n BEd (Senior Fase)-kwalifikasie en nuwe programme in vroeë kinderontwikkeling, en daardeur verseker dat ons Fakulteit responsief bly vir nasionale prioriteite en opvoedkundige behoeftes op alle vlakke.

Ons verbintenis tot **transdissiplinêre innovasie** groei steeds deur strategiese medewerking, met inbegrip van gesamentlike inisiatiewe met die Skool vir Datawetenskap en uitgebreide internasionale vennootskappe. 'n Besonder opwindende ontwikkeling is ons medewerking met die Fakulteit Ingenieurswese aan robotika vir die onderwys. Ons werk saam aan die ontwikkeling van 'n mensagtige robot wat spesifiek vir opvoedkundige kontekste ontwerp is, met die mikpunt van 'n ten volle ontwikkelde prototipe teen die einde van 2026, of vroeg in 2027. Hierdie inisiatief verteenwoordig 'n dapper tree in die toekoms van KI-geïntegreerde onderrig en leer in.

Die vooruitgang van ons **navorsingsvisie** bly sentraal aan ons missie. Ons strewe na erkenning as 'n globaal-vooraanstaande, navorsingsintensiewe fakulteit rig steeds ons werk. Ek is bly dat die Fakulteit, deur julle toewyding en akademiese uitnemendheid, steeds goed op internasionale ranglyste presteer, waaronder die Times Higher Education World University Rankings by Subject, waar ons ons posisie onder die top 200 wêreldwyd en die derde plek nasionaal, behou het.

**Finansiële volhoubaarheid** bly 'n hoofpilaar van ons langtermynstrategie. Die Fakulteit het suksesvol binne die goedgekeurde begroting vir 2025 gebly, wat 'n sterk grondslag vir voortgesette strategiese ontwikkeling gelê het. Buiten vir versigtige finansiële bestuur, het ons ook beduidend gevorder met die uitbreiding van derdestroominkomste. Ons vlagskipeenhede, SUNSEP en die SHVO, speels steeds 'n deurslaggewende rol in inkomsteskepping en maatskaplike impak. SUNSEP se sukses met die bekom van multijaar-finansiering deur groot vennote, soos die Sishen Ysterertsmaatskappy (SIOC), Eskom en Sanlam, weerspieël die voortgesette vertroue in die gehalte, tersaaklikheid en impak van ons programme.

Die **ondersteuning van ons studente** bly die kern van ons missie. Ons sal die vakante posisie van die akademiese adviseur vul om geteikende akademiese steun en voorligting te verskaf. Ons sal ook ons pogings verskerp om die sosio-ekonomiese hindernisse waarvoor ons studente te staan kom, uit die weg te ruim. Inisiatiewe soos die "Dress for Success"-projek, wat professionele kleredrag voorsien aan studente wat die werksmark vir die eerste keer betree, sal ondersteun word. Ons het ook finansiering van die Onderwys-, Opleiding- en Ontwikkelingspraktyke Sektorale Onderwys- en Opleidingsowerhede (ETDP SETA) vir die ondersteuning van NOS-studente tydens hulle onderrigpraktikums bekom, om 'n inklusiewe, ondersteunende en bemagtigende leeromgewing aan te kweek.

Die versekering van **akademiese uitnemendheid** en programgehalte bly steeds 'n hoofprioriteit. Ná die Fakulteit se hersiening daarvan, het die Fakulteit sy tweejaar-verbeteringsplanne, wat nou deur die Senaat goedgekeur is, suksesvol afgehandel. Terselfdertyd is ons besig met die programhersieningsproses van die Hoëronderwysraad. Ek wil opregte waar-dering uitspreek teenoor prof Koopman en die Selfevaluering-spanne vir hulle leierskap met die afhandeling van die eerste konsepverslae. Hierdie werk is noodsaaklik om te verseker dat al ons onderwyseropleidingsprogramme ten volle geakkrediteer bly en met die streng nasionale standaarde strook.

Ons **eksterne betrokkenheid** het ook die Fakulteit se stem en invloed in die groter onderwyssektor versterk. Deur aktiewe deelname aan nasionale liggame, soos Universities South Africa en Umalusi, en deur SUNSEP se groter wordende vennootskappe, dra ons Fakulteit steeds by tot die sinvolle vorming van nasionale onderwysprioriteite en die bevordering van opvoedkundige uitnemendheid.

Vanjaar beloof om 'n jaar van innovasie, groei en voortgesette uitnemendheid te wees. Saam is ons besig om te bou aan 'n Fakulteit wat nie net op verandering reageer nie, maar dit lei – vir die vorming van die toekoms van onderwys in Suid-Afrika en verder.

**Prof Mbulungeni Madiba**
**Dekaan**

# FAKULTEITSBESTUUR
# & PERSONEEL



**Prof Mbulungeni Madiba**
Dekaan



**Prof Liezel Frick**
Visedekaan: Navorsing



**Prof Oscar Koopman**
Waarnemende Visedekaan: Onderrig & Leer



**Mnr Robert van Staden**
Fakulteitsbestuurder



**Prof Michele van der Merwe**
Voorsitter: Departement Kurrikulumstudie



**Prof Nuraan Davids**
Voorsitter: Departement Opvoedings-beleidstudies



**Prof Melanie Moen**
Voorsitter: Departement Opvoedkundige Sielkunde



**Me Nokwanda Siyengo**
Waarnemende Direkteur: SUNCEP Program-bestuurder: SciMathUS

## Fakulteit Opvoedkunde streef daarna om 'n toonaangewende navorsingsintensiewe instelling te wees wat nasionaal en wêreldwyd erken word vir sy uitnemendheid, inklusiwiteit en innovasie.

**Sentraal tot sy strewe om 'n toonaangewende navorsing intensiewe opvoedkunde fakulteit te wees, is die volgende doelwitte:**

- om uitstekende onderrig en leer te lewer gebaseer op deeglike navorsing wat 'n positiewe sosiale impak op ons omgewing sal hê
- om hoëgehalte-navorsing oor belangrike onderwyskwessies te bevorder en om die eerste stem oor onderwyskwessies in die Suid-Afrikaanse konteks te wees
- om die US as die toonaangewende universiteit in onderwys op die Afrika-kontinent te ondersteun



Foto: Charles Carsten

# ONDERRIG WAT INSPIREER:
# Dosente van die jaar

In elke inspirerende klaskamer is 'n dosent wat weet hoe om idees lewendig te maak. In hierdie artikel beklemtoon ons die fakulteit se topdosente (soos deur die studente gestem) wat 'n blywende impak gemaak het deur hul onderrig, passie en toewyding aan studenteleer.



## Me Agatha Lebethe
## Dosent: Wiskunde

Dit inspireer my dat ek elke dag die geleentheid het en toegewy is daaraan om by te dra tot die ontwikkeling van wiskunde-opvoeders wat krities dink, diep bevraagteken, en bevoegd en met selfvertroue bydra tot die gebied van wiskunde-onderwys.

Die handhawing van die balans tussen hoë verwagtinge en ontwikkelingsteun – om studente aan streng akademiese standaarde te meet, terwyl daar besef word dat hulle aan die begin van hulle akademiese reis staan. Ook die kontekstuele kompleksiteit: om te navigeer tussen wat behoort te wees, wat kan wees en wat is. Ek voel verdeeld tussen aspirasionele visies en sistemiese beperkings. Dit is veeleisend om studente te help om hierdie kompleksiteit te begryp, sonder om oorweldig te voel of sinies te raak.

*"Wanderer, your footsteps are the road, and nothing more; wanderer, there is no road, the road is made by walking."* (Antonio Machado)

Gedurende Covid het een van my studente probeer selfdood pleeg. My naam was in haar kontakte, omdat sy in die koshuis was en ek seker gemaak het dat sy toegang tot medikasie en kos het. Ek het dadelik na haar toe gegaan. Die beste oomblik was toe sy later met onderskeiding gegradueer het. Ek is nie seker wie daardie dag die meeste gehuil het nie. Sy het nou 'n dogter en ek is die ere-Gogo. Ek is geweldig trots op wat sy bereik het.

Die beste oomblik was toe een van my studente haar ouers na die klas toe genooi het. Hulle het ver gereis en ek was verstom toe ek besef het dat hulle in my klas is. Haar rede was dat sy erg was oor haar wiskundemodules, maar dat haar pa nie van wiskunde hou nie. Sy het hom saamgebring om wiskunde op 'n ander manier te ervaar.



## Dr Chrischar Rock
## Koördineerder: Praktiese Leer

Ek word geïnspireer deur die feit dat elke aspek van my werk ons toekomstige geslag opvoeders en leerders in skole regoor die wêreld beïnvloed. Daarmee saam kom die verantwoordelikheid om onderrig en leer van gehalte te lewer en 'n verbintenis om dit met deernis, nederigheid en in medewerking met ander te doen.


Merkwerk is die moeilikste deel van klasgee. Elke student wat na ons Fakulteit toe kom, het 'n verhaal. En in hierdie verhaal sal daar mense en ervarings wees wat hulle besluit om 'n onderwyser te raak, beïnvloed het. Met die groot klasse is dit moeilik om almal persoonlik te leer ken.


*"Wend alle pogings aan om die beste vir die wêreld, eerder as die beste in die wêreld te wees."*


Ek word elke jaar geseën en beloon deurdat ek op die gradeplegtigheidsverhoog kan sit en sien hoe harde werk en veerkragtigheid vir elkeen van my studente lonend was; alles terwyl ek weet hoeveel van hulle deur finansiële swaarkry, uitdagings tydens die skoolgebaseerde praktikum en selfs net die navigasie van hoër onderwys in 'n era ná Covid moes sukkel.


Ek gee dikwels in verskillende geboue klas. Gevolglik dwaal studente by tye by my lesings in, hetsy omdat hulle verdwaal het, of wie weet, dalk omdat hulle tot baie laat gesit en leer het. Verlede jaar het 'n eerstejaarstudent vroeg opgedaag en reg voor sy gewone lesingsaal gaan sit. Aan die einde van die lesing ('n BEd IV-klas), het hy my genader en genoem dat hy eintlik in die verkeerde klas was, maar dat die lesing vir hom so interessant was, dat hy besluit het om vir die hele twee uur te bly!


# 2025/2026 Gepubliseerde boeke deur Fakulteit Opvoedkunde personeel
















# Sosiale Impak-Toekenning vir Dr Barends' se projek 'Ek kan lees'

Tydens 'n plegtigheid op 25 November 2025, is die Universiteit Stellenbosch se Sosiale Impak-toekenning (2025) (US Individuele Toekenning-kategorie) aan dr Zelda Barends oorhandig. Die US Sosiale Impak-toekenning is die hoogste eerbewys met betrekking tot sosiale impak wat deur die Universiteit aan personeel toegeken word en word toegeken om uitsonderlike prestasies in sosiale impak te erken. Hierdie toekenning was vir die *Ek kán lees-projek* wat deur dr Barends bedryf word. Sy vertel meer oor die projek en hoe dit begin het.

**Die uitdaging waarvoor ons te staan kom**

Ek het hierdie reis met 'n ontnugterende werklikheid begin: agt uit tien Suid-Afrikaanse leerders kan teen graad 4 nie op 'n toepaslike graadvlak lees nie. Dis 82% van ons kinders wat sukkel met die mees basiese vaardigheid wat alle toekomstige leer ontsluit. Dit was vir my nie net 'n statistiek nie; dit was 'n oproep tot aksie.

**'n Respons: Lees om te dien, dien om te lees**

In 2018 het ek klein begin met 77 onderwysstudente wat as 'n naskoolse program in een skool gewerk het. Tans werk 118 onderwysstudente elke Donderdagoggend by meer as 30 skole in en om Stellenbosch en bied huistaalsteun in geluidsleer en woordbou aan grondslagfaseleerders.

Maar hierdie projek gaan oor meer as net syfers. Dit gaan oor wederkerigheid, aangesien dit op diensleer gebaseer is – 'n model waarby almal baat. Ons onderwysstudente is nie slegs vrywilligers nie; hulle raak betrokke by sinvolle diens wat hulle professionele leer verdiep. Hulle doen konkrete ondervinding op, besin oor hulle praktyk, ontwikkel teoretiese begrip en eksperimenteer met onderrigstrategieë, terwyl hulle 'n werklike verskil in die lewens van kinders maak.




*Dr Barends by die toekenningsgeleentheid saam met die dekaan van Fakulteit Opvoedkunde, Prof Madiba.*

Die skole en onderwysers waarmee ons saamwerk, ontvang noodsaaklike steun in 'n tyd waar hulpbronne skaars is. Grondslagfase-onderwysers kry bykomende hande in die klaskamer, wat meer individuele aandag vir sukkelende lesers moontlik maak.

Ons jong leerders kry die gawe van tyd, aandag en bewysgebaseerde onderrig wat hulle help om die kode van lees te ontsluit.

**Impak wat saak maak**

Die impak was diepgaande op elke vlak:

- Ons jong leerders toon versterkte fonemiese bewustheid en woordbouvaardighede. Belangriker nog, ons het 'n transformasie in hulle houding teenoor lees waargeneem – hulle raak lief vir stories.

- Ons onderwysstudente word getransformeer soos hulle 'n dieper begrip opdoen deur die onmiddellike toepassing van teoretiese kennis in diverse klaskamerkontekste. Hulle ontwikkel kultureel-responsiewe onderrigpraktyke wat in die jare wat voorlê vir hulle en hulle toekomstige leerders tot voordeel sal wees.
- Ons in-diens-onderwysers baat by professionele ontwikkelingsgeleenthede deur ons besinning-sessies en die omgang met kontemporêre onderrigstrategieë vir geletterdheid.
- Ons gemeenskapsvennootskappe is sterker, wat die Universiteit se voetspoor uitbrei en die verbintenis tot die oplos van die geletterdheidskrisis versterk. Deur hierdie projek demonstreer ons dat die Universiteit nie apart van die gemeenskap staan nie – ons is deel daarvan en daartoe verbind om dit te help floreer.

**Die uitleef van ons waardes**

Hierdie projek beliggaam ons Universiteit se visie van die bevordering van kennis in diens van die samelewing. Dit demonstreer uitnemendheid deur streng, navorsingsgebaseerde metodologie. Dit toon deernis deur die ondersteuning van studente, onderwysers en leerders. Dit streef gelykheid na deur die prioritisering van ondervoorsiene skole. Dit beoefen respek deur medewerkende vennootskappe. En dit handhaaf verantwoordbaarheid deur deursigtige verslagdoening en deurlopende gemeenskaps-betrokkenheid.

**'n Visie vir die toekoms**

My grootste dryfkrag is die wete dat ons nie slegs kinders vandag leer lees nie – ons lei die onderwysers op wat Suid-Afrika se geletterdheidskrisis môre sal oplos. Elke onderwysstudent wat aan Ek kán lees deelneem, sal hierdie vaardighede, hierdie passie en hierdie toewyding na klaskamers regoor ons land toe neem.

Hierdie werk is gevestig op beduidende navorsing oor lees- en geletterdheidsonderrig. Maar dit word aangevuur deur iets baie kragtiger: die oortuiging dat elke kind die gawe van geletterdheid verdien en dat elke gemeenskap opvoeders verdien wat bereid is om dit te gee.

**Dankbaarheid**

Hierdie prestasie behoort aan talle mense: my toegewyde onderwysstudente wat week ná week opdaag; die in-diens-onderwysers en skoolleiers wat hulle deure oopgemaak het; die Rupert Stigting wat van die begin af in ons geglo het; en die leerders wat ons met hulle vordering inspireer.

Sedert 2018 het ons jaar na jaar gegroei en meer skole, meer onderwysers en, die belangrikste, meer kinders bereik. Hierdie volhoubaarheid getuig van die waarde en noodsaaklikheid van hierdie werk.

**Die pad vorentoe**

Die ontvangs van hierdie toekenning is nie die eindstreep nie; dit is brandstof vir die reis wat voorlê. Elke kind wat met begrip leer lees, word bemagig om enigiets te leer. Elke onderwyser wat ons ontwikkel, word 'n katalisator vir verandering in hulle toekomstige klaskamer. Elke vennootskap wat ons bou, versterk ons kollektiewe kapasiteit om onderwys in Suid-Afrika te transformeer.


Deur hierdie projek het ons bewys dat universiteite kragtige vennote in transformasie kan wees. Wanneer ons gemeenskapsbetrokkenheid met professionele opleiding integreer, skep ons 'n vermenigvuldigingseffek. Ons dien nie slegs vandag gemeenskappe nie; ons berei beroepslui voor wat gemeenskappe oor die komende dekades sal dien.

Dankie vir die erkenning dat geletterdheid nie slegs oor woorde op 'n bladsy gaan nie, maar wel oor die oopmaak van deure, die skep van geleenthede en die bou van 'n toekoms waar elke kind met selfvertroue kan sê: Ek kán lees.









# OPVOEDKUNDE STUDENTEKOMITEE
## Leierskap met integriteit, verantwoordbaarheid en respek



Voorsitter:
Sisipho Maliwa



Ondervoorsitter:
Ilne Von Weilligh



Sekretaris:
DK Mgcineni




Tesourier:
Meagan Ross




Studenteverhoudinge:
Lonwabo Ngedle



Geleenthede:
Imma Nyanyatsi



Bemarking:
Aphiwe Mguzulwa



Sosiale Impak:
Janema Boltney



Transformasie:
Molly Mashishi



Professionele
Ontwikkeling:
Wandile Mqadi



NOS:
Courtney du Plessis

Die Opvoedkunde Studentekomitee (OSK) vir die 2025/2026-termyn begin hierdie akademiese jaar geanker in besinning, strategiese belyning en 'n hernude verbintenis tot die studente van die Fakulteit Opvoedkunde.

## As die akademiese verteenwoordigende liggaam van die Fakulteit, besef ons die voorreg en die verantwoordelikheid wat aan ons toevertrou is.

Gerig deur die uitkomste van ons Strategiese Konferensie, het ons ons visie en planne met die breër waardes van die Universiteit Stellenbosch – uitnemendheid, verantwoordbaarheid, integriteit, respek en deernis – belyn om te verseker dat ons leierskap nie slegs die prioriteite van die Fakulteit weerspieël nie, maar ook die institusionele beginsels.

Die Universiteit Stellenbosch doen 'n beroep op almal om uitnemendheid na te streef in alles wat ons doen. Vir die OSK beteken uitnemendhied meer as prestasie; dit beteken doelbewuste leierskap, bedagsame beplanning en sinvolle studente-impak. Ons visie vir hierdie termyn is om studentebetrokkenheid en -deelname in die Fakulteit te versterk, wat 'n kultuur van medewerking en gedeelde doelwitte onder studente, dosente, Fakulteitsbestuur en steunpersoneel sal aankweek. Ons mik daarna om 'n omgewing voort te bring waarbinne elke student met selfvertroue kan bydra, waar kommunikasie deursigtig en opbouend is, en waar leierskap toeganklik en responsief is.

Aan die kern van ons strategiese doelwitte is die aanmoediging van aktiewe deelname en sinvolle betrokkenheid by die Fakulteitslewe. Deur versterkte klasverteenwoordigingstrukture, interaktiewe forums en 'n ondersteunde akademiese mentorprogram, wil ons verseker dat studente se stemme nie slegs gehoor word nie, maar ook gewaardeer word. Inisiatiewe soos verwelkomingsgeleenthede, praktikum-ondersteuningsplatforms, en professionele ontwikkelingswerksessies is ontwerp om verbintenis, voorbereidheid en selfvertroue op te bou. Sodoende handhaaf ons die Universiteit se verbintenis tot uitnemendheid en innovasie deur die skep van ruimtes waarbinne studente akademies, sosiaal en professioneel kan groei.

Van ewe groot belang is ons verbintenis tot die aankweek van 'n ondersteunende en motiverende akademiese omgewing. Die Universiteit Stellenbosch beklemtoon menswaardigheid en respek as grondwaardes en, as die OSK, probeer ons hierdie beginsels doelbewus in ons daaglikse werk vaslê. Deur transformasiedialoog, welwees-inisiatiewe en professionele werksessies, wil ons 'n sielkundig veilige ruimte skep, waar diverse geleefde ervarings erken en gerespekteer word. Ons glo dat akademiese sukses floreer in omgewings waar waardigheid gehandhaaf en deernis toegepas word.

Aan die kern van ons leierskap is die interne waardes van respek en verantwoordbaarheid. Respek vorm hoe ons met studente, Fakulteitslede en mekaar omgaan. Dit doen 'n beroep op ons om aktief te luister, professioneel te kommunikeer en die diversiteit wat ons Fakulteit verryk, te eer. Respek word gedemonstreer in ons gewilligheid om dapper, dog opbouend, betrokke te raak, terwyl ons altyd die waardigheid van diegene wat ons dien, handhaaf.
Verantwoordbaarheid anker ons diens. In ooreenstemming met die Universiteit Stellenbosch se klem op integriteit en verantwoordelike burgerskap, is ons verbind tot deursigtige kommunikasie, etiese besluitneming en konsekwente deurvoer van ons ondernemings. Ons begryp dat leierskap nie aan bedoeling gemeet word nie, maar wel aan optrede en lewering. Derhalwe beloof ons om verslag te doen, toeganklik te bly en te verseker dat ons inisiatiewe die behoeftes en strewes van ons studenteliggaam weerspieël.

Hoewel ons termyn 'n verskeidenheid beplande inisiatiewe ten opsigte van akademiese steun, professionele ontwikkeling, sosiale impak en transformasie insluit, strek ons doelstellings verder as die aanbied van geleenthede. Elke inisiatief word strategies ontwerp om die gemeenskap te versterk, akademiese betrokkenheid te verryk en onderwysstudente voor te berei om nadenkende, etiese en sosiaal bewuste opvoeders te word. Sodoende strook ons werk met die Universiteit se groter missie van die bevordering van kennis in diens van die samelewing.

## Soos ons deur hierdie akademiese jaar reis, bly ons verbind tot leierskap met integriteit, diens met verantwoordbaarheid en betrokkenheid met respek.

Die OSK staan ferm in sy missie om 'n Fakulteit Opvoedkunde voort te bring wat die waardes van die Universiteit Stellenbosch beliggaam; 'n fakulteit waar uitnemendheid kollektief nagestreef word, waardigheid konsekwent gehandhaaf word en elke student voel dat hulle raakgesien, geondersteun en bemagtig word.

*- Sisipho Zintle Maliwa (OSK-voorsitter)*




# VAN PASSIE TOT BEROEP: Word 'n Grondslagfase-onderwyser

**BEd Grondslagfase**

Die Baccalaureusgraad in Opvoedkunde (BEd) in Grondslagfase onderwys is 'n vierjaar voorgraadse program wat jou voorberei om leerders in Grade R tot 3 te onderrig. Die program ressorteer binne die breër veld van Vroeë Kinderonderwys (VKO) (geboorte tot nege jaar) en rus jou toe met gespesialiseerde vakkennis, pedagogiese inhoudskennis en praktiese bevoegdhede wat nodig is om die informele aard van Graad R sowel as die meer formele grondslagonderwys van Grade 1–3 met kundigheid te bemeester.

Na voltooiing van die program is jy 'n professioneel-gekwalifiseerde Grondslagfase-onderwyser wat in 'n wye verskeidenheid opvoedkundige kontekste kan werk, insluitend openbare, onafhanklike en spesiale skole, en binne diverse kurrikulumraamwerke, beide plaaslik en internasionaal. Jy sal toegerus wees om op 'n etiese, professionele en ingeligte wyse op onderwysveranderinge en -uitdagings te reageer.

**Loopbaangeleenthede**

Benewens Grondslagfase-onderwys, kan die volgende loopbane oorweeg word:

- Vroeë Kinderonderwys (VKO): insluitend Graad R-klasse, VKO-sentrums, en rolle binne nie-regerings- of nie-winsorganisasies gefokus op jong kinders - met kursusse soos vroeë-leerprogramme, VKO praktisynsopleiding, ouerondersteuning en hulpbronvoorsiening.
- Leierskap- en ondersteuningsrolle in laerskole, soos Grondslagfase-vakadviseur, fase- of departe-mentshoof – gewoonlik ná toepaslike ervaring en verdere studie.
- Rolle binne die regering (onderwysdepartemente) en die breër onderwyssektor, met moont-likhede in kurrikulumontwikkeling, beleids-werk, programontwerp of onderwyseronder-steuningsdienste.
- Geleenthede om te spesialiseer as leeronder-steuningsonderwyser.
- Selfindiensnemingsgeleenthede, insluitend die stigting en bestuur van VKO-sentrums, ontwikkeling en aanbied van stimulasieprogramme, ontwikkeling van opvoedkundige materiaal, of werk as 'n onderwyskonsultant.
- Toegang tot nagraadse studie (BEd Honneurs-, Meesters en Doktorale programme), wat loopbane in die akademie, opvoedkundige navorsing en opvoedkundige leierskap moontlik maak.
- Die program is in lyn met internasionale kwalifikasies in VKO (Early Years Education), wat jou in staat stel om onderriggeleenthede in lande met vergelykbare vierjaar aanvanklike onderwysersopleidingsprogramme vir kleuter- en laerskoolonderrig te oorweeg.

### Artikulasie

Die BEd Grondslagfase-onderwys is 'n aanvanklike onderwysersopleidingskwalifikasie wat op NKR-vlak 7 uittree.

Die graad bied toegang tot 'n reeks BEd Honneurs-programme (NKR-vlak 8) by Universiteit Stellenbosch en/of ander instellings. Suksesvolle voltooiing van 'n honneurskwalifikasie gee toegang tot meestersstudies (NKR-vlak 9), en daarna doktorale kwalifikasies (NKR-vlak 10).

### Programinhoud

Die vierjaarprogram sluit 'n verskeidenheid verpligte modules in wat jou met die teoretiese kennis en praktiese vaardighede toerus om in die Grondslagfase (Grade R–3) te kan onderrig.

### Modules wat in die program ingesluit is

Inligtings- en Kommunikasietegnologie
- Inligtings- en Kommunikasietegnologie vir Leer

Tale
(Studente kies uit)
- Engels
- Afrikaans
- isiXhosa
- Suid-Afrikaanse Gebaretaal

Let wel: Alle studente studeer twee tale - gekies uit Afrikaans, Engels of isiXhosa - op óf 'n eerste- óf tweedetaalvlak vir die volle duur van die program. In die derde jaar neem studente ook 'n derde addisionele kommunikasietaal.

Opvoedkundestudies
- Om 'n Onderwyser te Word
- Ontwikkeling en Leer
- Opvoedkundebeleid en Leierskap
- Sosiologie van die Opvoeding
- Aanspreek van Diverse Leerbehoeftes
- Filosofie van die Opvoeding

Grondslagfase-onderwys
- Wiskunde-onderwys (Grondslagfase)
- Taal- en Geletterdheidsonderwys (Grondslagfase)
- Lewensvaardighede-onderwys (Grondslagfase)
- Graad R Teorie en Praktyk

Praktiese Leer
- Praktiese leer vorm 'n integrale deel van die program deur al vier jare heen om 'n progressiewe skoolgebaseerde leerervaring te verseker.

### Keuring

- Aansoeke sluit op 30 Julie.
- Daar is plek vir 125 Grondslagfase-studente

Toelatingsvereistes vir aansoekers wat die NSS of IEB geskryf het
- 'n NSS- of IEB-gemiddelde van minstens 60% (Lewensoriëntering uitgesluit)
- Wiskunde 40% OF Wiskundige Geletterdheid 60%

### Taalvereistes

Aansoekers moet die volgende vereistes nakom op grond van hul taal van onderrig:

Leerders wat onderrig in Engels ontvang het:
- Engels Huistaal: ten minste 60%
- Afrikaans óf isiXhosa (Huistaal of Eerste Addisionele Taal): ten minste 50%

Leerders wat onderrig in Afrikaans ontvang het:
- Afrikaans Huistaal: ten minste 60%
- Engels óf isiXhosa (Huistaal of Eerste Addisionele Taal): ten minste 50%

Leerders wat onderrig in isiXhosa ontvang het:
- isiXhosa Huistaal: ten minste 60%
- Engels óf Afrikaans (Huistaal of Eerste Addisionele Taal): ten minste 50%

**Aansoekers met die ou Matrieksertifikaat (voor 2008):**
Kontak asseblief die Kliëntedienssentrum by 021 808 9111 vir die toepaslike toelatingsvereistes.

**PROGRAMKOÖRDINEERDER 2026:**

**Dr Zelda Barends**
foundationphase@sun.ac.za





# BEMAGTIGING VAN JONG LEERDERS: Word 'n onderwyser in die Intermediêre Fase

**BEd Intermediêre Fase**

Hierdie vierjarige voltydse BEd-program lei jou op om onderwys te gee aan leerders in die Intermediêre Fase. Jy spesialiseer in twee skoolvakke en twee tale, en die program dek die teorie en praktyk van al die leerprogramme van graad 4 tot 6.

**Programinhoud**

Die program se leerplan is vas en bestaan uit akademiese en professionele modules. Praktiese Leer maak vanaf die eerste jaar 'n belangrike deel van die program uit. Alle studente neem twee tale as onderrigspesialisering (gekies uit Afrikaans, Engels of isiXhosa) op Huistaal- of Addisionele Taalvlak, deur al vier jaar van studie. 'n Derde kommunikatiewe taal word in die derde studiejaar geneem.

In die eerste studiejaar is Wiskunde-onderwys verpligtend vir alle BEd-studente. Jy neem dus Wiskunde-onderwys saam met Wordende Onderwyser, Inleiding tot Taalonderwys, en twee ander spesialiseringsvakke uit die volgende:

- Lewensvaardighede
- Natuurwetenskappe (Ond)
- Sosiale Wetenskappe (Ond)

Kyk die toelatingsvereistes vir hierdie vakke hieronder. In die tweede tot vierde studiejaar neem jy net twee spesialiseringsareas voort. Let wel: Om met Wiskunde as 'n spesialiseringsvak van die tweede jaar af voort te gaan, moet jy Wiskunde-onderwys met 'n jaarpunt van ten minste 60% in jou eerste jaar slaag.

Ander verpligte modules sluit in:

- Inligtingskommunikasietegnologie vir Leer
- Taalonderwys: Kernmodule
- Ontwikkeling en Leer
- Aanspreek van Diverse Leerbehoeftes
- Opvoedingsbeleid en Bestuur
- Opvoedkundige Evaluering en Navorsing
- Sosiologie van die Opvoeding
- Filosofie van die Opvoeding

Aangesien die program tot 'n graad lei, gee dit jou toegang tot die Fakulteit se nagraadse programme tot op doktorale vlak.

**Verdere studiegeleenthede**

Jy kan spesialiseer in kurrikulumontwikkeling, taalonderwys, opvoedkundige ondersteuning of onderwysbeleid deur op te volg met een van die Fakulteit se HonsBEd-programme:

- HonsBEd (Kurrikulumondersoek)
- HonsBEd (Opvoedkundige Ondersteuning)
- HonsBEd (Onderwysontikkeling en Demokrasie)
- HonsBEd (Taalonderwys)

Hierna kan jy verder spesialiseer op MEd- en doktorale vlak.

**Voorvereistes vir jou gekose spesialiseringsareas**

Natuurwetenskappe (Ond)
- 'n Prestasie van minstens 50% vir Lewenswetenskappe OF Fisiese Wetenskappe in Graad 12

Sosiale Wetenskappe (Ond)
- 'n Prestasie van minstens 50% vir Geskiedenis OF Geografie in Graad 12

Lewensvaardighede
- Geen voorvereistes (alle studente kan hierdie vak volg)

**Keuring**

- Aansoeke sluit 30 Julie
- Slegs 'n beperkte aantal studente word tot die program toegelaat
- Toelatingsvereistes vir aansoekers wat die NSS of IEB geskryf het

'n NSS- of IEB-gemiddelde van minstens 60% (Lewensoriëntering uitgesluit)
Wiskunde 40% OF Wiskundige Geletterdheid 60%
EN
Leerders wat in Afrikaans skoolgegaan het:
- Afrikaans Huistaal 60% EN
- Engels OF isiXhosa (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 50%

OF
Leerders wat in Engels skoolgegaan het:
- Engels Huistaal 60% EN
- Afrikaans OF isiXhosa (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 50%

OF
Leerders wat in isiXhosa skoolgegaan het:
- IsiXhosa Huistaal 60% EN
- Engels OF Afrikaans (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 50%

Die BEd (Intermediêre Fase-onderrig) het verdere toelatingsvereistes afhangende van die skoolvakke waarin jy wil onderrig gee:

Indien jy Natuurwetenskappe (Ond) kies:
- Lewenswetenskappe of Fisiese Wetenskappe 50%

Indien jy Sosiale Wetenskappe (Ond) kies:
- Geskiedenis of Geografie 50%

**Toelatingsvereistes vir aansoekers wat die ou Matrikulasiesertifikaat aanbied**


Vir die toelatingsvereistes volgens die ou Matrikulasiesertifikaat (voor 2008), skakel ons Kliëntedienssentrum by 021 808 9111.

**PROGRAMKOÖRDINEERDER 2026:**

**Dr Elzahn Rinquest**
intermediatephase@sun.ac.za








# Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) (Graad 10 - 12)

## Nagraadse Onderwys-sertifikaat (NOS)

Die doel van hierdie program is om opvoeders vir hoërskool onderwys voor te berei (Graad 10 - 12).

Indien jy 'n hoërskoolonderwyser wil word, kan jou voorgraadse studies aan ander fakulteite 'n basis vorm vir die Nagraadse Sertifikaat in Onderwys (NOS). Hierdie eenjarige program fokus op die ontwikkeling van bevoegdhede in 'n vakverwante veld wat die kandidaat in die Senior Fase kan toepas.

Studente betree tipies die program na die voltooiing van 'n toepaslike Baccalaureusgraad, soos 'n BA, BSc of BComm, of na die verkryging van 'n toepaslike Honneursgraad. Om vir die NOS te kwalifiseer, moet 'n voorgraadse graad ten minste twee vakke insluit wat tot op tweede- of derdejaarsvlak bestudeer word, in ooreenstemming met jaarboekvereistes, en hierdie vakke moet direk verband hou met hoërskoolonderriggebiede. Dit is belangrik vir voornemende studente om die jaarboekvereistes vir elke vakspesialisering noukeurig te hersien.

As deel van die program neem studente ook deel aan onderwyspraktyk, wat gedurende die derde skoolkwartaal by geselekteerde hoërskole binne 'n radius van 50 km van die Universiteit Stellenbosch plaasvind.

### Vir meer inligting raadpleeg ons jaarboek:

*https://files.su.ac.za/public/registrars-division/documents/2025-12/2026-opvoedkunde-jaarboekdeel.pdf*

### Aansoekproses:

- Doen aanlyn aansoek vanaf 1 Julie.
- Aansoeke sluit 30 September.

### Programkoördineerder:

**Dr Jennifer Feldman:** *pgce@sun.ac.za*



# VERDERE STUDIES: Nagraadse Programme

Die Fakulteit se navorsingsprogram fokus op relevante en strategies belangrike temas in onderwys om oplossings te vind vir onderwyskwessies van aktuele belang en om die ontwikkeling van onderwys in Suid-Afrika te bevorder.

Hierdie navorsing, wat 'n impak op al die onderrigprogramme het, het te doen met plaaslike sowel as internasionale behoeftes. In die lig van die strategiese belangrikheid daarvan, is die ontwikkeling van menslike potensiaal in 'n diverse gemeenskap gekies as 'n sentrale fokus vir toegepaste navorsing in die Fakulteit Opvoedkunde. Die drie departemente het elk 'n komplementêre fokus wat aansluit by die breë navorsingsfokus van die Fakulteit.

Die Universiteit Stellenbosch heg groot waarde aan nagraadse opleiding. Dit is op nagraadse vlak dat dit vir studente moontlik word om onafhanklike navorsing te doen.

Die Universiteit is daartoe verbind om nagraadse opleiding te bevorder, aangesien dit duidelik is dat die Universiteit 'n besondere bydrae op hierdie gebied kan lewer.

## Nuttige Kontakte:

**NOS**

Dr Jennifer Feldman: pgce@sun.ac.za

**BED HONNEURS**

**Kurrikulum Ondersoek**
Dr Louise Botha: lbot@sun.ac.za

**Ontwikkeling en Demokrasie**
Dr P Simba: psimba@sun.ac.za

**Opvoedkundige Ondersteuning**
Dr LN Damons: ldamons@sun.ac.za

**Grondslagfase**
Dr L Bosman: lindabosman@sun.ac.za

**Taalonderrig**
Dr S Bishop-Swart: sbishop@sun.ac.za

**Departement Opvoedkundige Sielkunde:**

**MEd Opvoedkundige Ondersteuning**
Ms A Grootboom: grootbooma@sun.ac.za

**MEd (PSYCH) Opvoedkundige Sielkunde**
Dr C Jacobs: carmelitaj32@sun.ac.za

**Departement Kurrikulumstudie:**

Prof Michele van der Merwe: michelevdm@sun.ac.za

**Departement Opvoedingsbeleidstudies**

Prof Nuraan Davids: nur@sun.ac.za







# GRADUANDI SE PERSPEKTIEF:

## Stemme van ons graduandi

Die dag wanneer jy graad vang, is dit die einde van een reis en die begin van 'n ander. In hierdie artikel besin graduandi oor hulle tyd by die universiteit. Hulle deel die uitdagings wat hulle gehad het asook die lesse wat hulle geleer het.



Bridget Botha

**Hoe het jy jou studie aan die Fakulteit Opvoedkunde ervaar?**
My ervaring aan die Fakulteit Opvoedkunde was beide uitdagend en lonend. Ek het in Desember 2025 gegradueer met 'n Baccalaureus in Opvoedkunde vir grondslagfase-onderwys. Die program het my akademies en persoonlik gevorm. Dit het my gedwing om krities te dink en doelbewus onderrig te gee. Ek plaas altyd die leerder aan die kern van my praktyk. Vandag, as 'n graad 2-onderwyser, besin ek steeds oor en pas die onderrigtegnieke wat ek by my dosente geleer het, toe. Hierdie strategieë rig my klaskamerpraktyk.

**Hoogtepunte tydens jou studies?**
Sommige van die grootste hoogtepunte was my onderrigpraktikums en diensleer-ervarings. Ek is in diverse skoolkontekste geplaas, waaronder 'n kwintiel 1-skool. Dit het aan my waardevolle insig in Suid-Afrikaanse klaskamers gebied. Dit was vervullend om verhoudings met leerders op te bou en hulle vordering te aanskou. Die toepassing van teorie in die praktyk was ook lonend. Groepprojekte, interdissiplinêre beplanning en nadenkende skryfwerk was ook belangrike ervarings.

**Enige uitdagings?**
Ja, daar was uitdagings. Dit was nie maklik om 'n balans tussen die akademiese eise en die onderrigpraktyk en lesbeplanning te handhaaf nie. Onderrig in meertalige klaskamers met beperkte hulpbronne verg aanpasbaarheid. Hierdie ervarings het my probleemoplossingsvaardighede versterk en vir my die belangrikheid van empatie, aanpasbaarheid en besinning aangetoon.

**Wat doen jy nou (2026)?**
In 2026 is ek 'n graad 2-onderwyser by die Laerskool Wolraad Woltemade in Bothasig, Kaapstad. Dit is my eerste jaar van onderwys. Ek maak daagliks van my opleiding gebruik en hou aan om professioneel te leer. Onderrig versterk my passie vir grondslagfase-onderwys en vir die akademiese, sosiale en emosionele ondersteuning van leerders.

**Raad aan huidige studente?**
Gryp elke geleentheid aan. Onderrig behels meer as die lewering van inhoud; dit gaan oor die vorming van verbintenisse, besinning en volgehoue groei. Absorbeer al die kennis en voorligting wat aangebied word. Leer by mentoronderwysers en dosente, en behou kontak met hulle, aangesien hulle waardevolle hulpbronne kan wees wanneer jy begin onderwys gee. Bly geesdriftig en weetgierig en vertrou op jou ontwikkeling.

Stefney-Rose de Vries



**Hoe het jy jou studie aan die Fakulteit Opvoedkunde ervaar?** Ek het my studies aan die Fakulteit Opvoedkunde as uitdagend, vormend en uiteindelik lonend ervaar. Ek het in Desember 2025 met 'n Baccalaureus in Opvoedkunde (Intermediêre Fase) gegradueer. Die program het my akademies en persoonlik uitgedaag, maar my ook gehelp om my stem as 'n toekomstige onderwyser te ontdek.



Ek het geleer dat onderwys nie slegs oor inhoudkennis gaan nie, maar ook oor empatie, veerkragtigheid en op sinvolle maniere tot die beskikking van leerders wees.

**Hoogtepunte tydens jou studies?**
Sommige van die grootste hoogtepunte was my onderrigpraktikums, waar teorie en werklikheid uiteindelik ontmoet. Om voor 'n klas te kon staan, het my passie vir die onderwys en werk met jong mense bevestig. Dit was ook 'n hoogtepunt om by Fakulteitsleierskap en studentestrukture betrokke te kon wees, aangesien dit my in staat gestel het om as 'n leier te groei, met ander saam te werk en tot die studentelewe buite die klaskamer by te dra. Nog 'n groot hoogtepunt was my verkiesing tot die OSK (Opvoedkunde Studentekomitee), waar ek in my finale studiejaar die hoof van bemarking en media was. Hierdeur het ek wonderlike mense ontmoet, wat deel van my gemeenskap geword het en waarvan sommige selfs soos familie voel. Ek sal my ervaring as deel hiervan vir altyd koester!

**Was daar enige uitdagings?**
Ja, net soos talle ander studente het ek uitdagings soos akademiese druk, selftwyfel en die emosionele eise van onderrigpraktyk beleef. Dit is nie altyd maklik om 'n balans tussen verwagtinge te handhaaf, terwyl jy persoonlike groei navigeer nie, maar hierdie uitdagings het vir my deursettingsvermoë, selfbesinning en die belangrikheid van vra om steun geleer. Die oorkoming van hierdie uitdagings het my selfvertroue verstewig en my vir die werklikhede van my onderwysberoep voorberei.

**Wat doen jy nou (2026)?**
In 2026 sit ek my reis in die opvoedkunde voort deur my nagraadse kwalifikasie in ontwikkeling en demokrasie te doen, meer ervaring op te doen en my vaardighede as 'n opvoeder verder te ontwikkel. Ek speel ook steeds rugby vir die Universiteit.

**Raad aan huidige studente?**
My raad aan huidige studente is om die proses te vertrou en geduldig met jouself te wees. Onderwys is 'n deurlopende leerreis en dit is in die haak om nog nie al die antwoorde te hê nie. Bly toegewyd, vra vrae, steun op jou ondersteuningstelsels en onthou waarom jy in die eerste plek onderwys gekies het, omdat jou impak veel verder as die klaskamer sal strek.



Reece Beukes

**Hoe het jy jou studie aan die Fakulteit Opvoedkunde ervaar?**
Ek het my tersiêre opvoeding in 2021 tydens die globale Covid-19-pandemie begin, en ingeskryf vir 'n Baccalaureus in die Opvoedkunde (Intermediêre Fase) in die Departement Kurrikulumstudies. Ek het hierdie graad in 2024 cum laude verwerf. Omdat ek my akademiese begrip wou verdiep, het ek ingeskryf vir 'n honneurs in kurrikulumondersoek (kurrikulumverandering), wat ek in 2025 afgehandel het. Ek het my honneursgraad op 8 Desember 2025 met trots verwerf.

**Hoogtepunte tydens jou studies?**

- Woon van 2021 tot 2023 in 'n koshuis, waar ek aktief by akademiese en leierskapsinisiatiewe betrokke was
- Dien vir twee opeenvolgende jaar (2022–2023) as akademiese mentor vir onderwysstudente in die koshuis
- Ontvang 'n tweedeplek- Merietesertifikaat vir Akademiese Uitnemendheid in my koshuis, ter erkenning van konsekwente akademiese prestasie
- Onder die top 10-studente in die Fakulteit Opvoedkunde in 2023
- Gekies vir en handel 'n koshuisleierskaps-program in 2023 af, waarna ek aangestel is as die programkoördineerder, verantwoordelik vir SUNLearn-bedrywighede, skedulering en vergaderings
- Werk saam met die WOW-organisasie (2023–2024), en help met verwelkomingsgeleenthede, spelkompetisies, debatte en ander akademiese verrykingswerksaamhede
- Dien in 2024 as 'n Fakulteits- akademiese mentor in die Fakulteit Opvoedkunde
- Word in my honneursjaar (2025) as 'n onderrig- en leerassistent vir Afrikaans EAT 177–477 aangestel
- Gekies as een van drie studente vir 'n internasionale onderriguitruilprogram in Argentinië en word toe 'n pos aangebied.

*(Reece Beukes vervolg)*

**Was daar enige uitdagings?**
Ja, my eerste jaar, gedurende die Covid-era, was besonder moeilik, met aanlyn leer wat kontinuïteit en fokus beïnvloed het. Wiskunde wat nog 'n groot struikelblok regdeur my graad. Dit het veral in die eerste en die vierde jaar intense toewyding geverg. Een finale eksamen in wiskunde het my in trane gehad, maar ek het deurgedruk en een van die hoogste punte in die daaropvolgende vraestel behaal. Hierdie ervaring het vir my geleer dat harde werk konsekwent moet wees en nie net deur vrees aangedryf nie.

**Wat doen jy nou (2026)?**
In 2026 het ek gekies om 'n blaaskans van verdere studies te neem en ek werk in Argentinië as 'n onderwyser. Terselfdertyd laat ek myself toe om bykomende passies te verken, soos modellering, terwyl ek God se leiding soek in elke besluit wat ek neem. Ek is tevrede, hoopvol en opgewonde oor wat voorlê.

**Raad aan huidige studente?**
Geniet elke oomblik van die universiteitslewe. Raak betrokke, gryp geleenthede aan en geniet die pret – binne perke. Hou jouself verantwoordbaar vir jou eie keuses en groei. As daar een beginsel is waarvolgens gelewe moet word, is dit die volgende: streef daarna om elke dag minstens 1% beter te wees.



Dyan Buis

**Hoe het jy jou studie aan die Fakulteit Opvoedkunde ervaar?**
Ek het in Desember 2025 gegradueer met 'n Magister in die Opvoedkunde (MEd) in onderwysbeleidstudies. My akademiese reis aan die Fakulteit Opvoedkunde was beide transformerend en diep sinvol. Met die afhandeling van my NOS, honneursgraad (BEd), en MEd aan die Fakulteit, het ek in elke fase van my ontwikkeling akademiese groei ervaar.

My studies aan die Fakulteit het my nie slegs intellektueel gevorm nie, maar ook professioneel. Dit het my kritiese denke geslyp, my navorsingskapasiteit versterk en my identiteit as 'n akademiese en onderwysleier gekoester. Dit was my voorreg om onderrig en mentorskap te ontvang van wêreldklas dosente, wie se akademieskap en toewyding tot opvoedkundige transformasie my grootliks geïnspireer het. Om deel te wees van 'n wêreldwyd erkende instelling, het 'n sterk gevoel van trots en die verantwoordelikheid om betekenisvol tot die onderwyssektor by te dra, by my ingeskerp.

**Hoogtepunte tydens jou studies?**
Daar was verskeie hoogtepunte deur die loop van my studies. Een van die lonendste oomblikke elke jaar was die ontvangs van my uitslae en om die vrugte van my volgehoue pogings in my goeie slaagpunte te kon sien. Die mees gedenkwaardige mylpale was egter ongetwyfeld my gradeplegtighede. Daardie stap oor die verhoog verteenwoordig deursettingsvermoê, opoffering en persoonlike groei. Veral van waarde was die ontvangs van die Rektor se Toekenning vir Uitnemendheid. Daardie erkenning het nie slegs my akademiese prestasie bevestig nie, maar ook my verbintenis tot uitnemendheid en dissipline. Dit bly een van die trotsste oomblikke op my akademiese reis.

**Was daar enige uitdagings?**
Net soos talle studente, het ek ook uitdagings langs die pad teengekom. Tydens sekere fases van my studies was finansiële beperkings 'n groot kwelpunt. Gelukkig kon ek beursbefondsing bekom, wat die las van klasgeld verlig en my in staat gestel het om op my akademiese verantwoordelikhede te fokus.

Tydsbestuur was nog 'n deurlopende uitdaging, veral omdat ek meervoudige verantwoordelikhede moes balanseer. Benewens my studies was ek ook aktief betrokke by oefening en moes van tyd tot tyd oorsee meeding. Dit het noukeurige beplanning, dissipline en deurlopende kommunikasie met dosente geverg. Ek is dankbaar dat die Fakulteit en my dosente altyd begrip en steun gebied het, wat my in staat gestel het om die nodige reëlings te tref, sonder om akademiese standaarde te kompromitteer.

Hierdie uitdagings het uiteindelik my veerkragtigheid, aanpasbaarheid en vasbeslotenheid versterk – eienskappe wat my steeds in my beroepslewe dien.

**Wat doen jy nou (2026)?**
In 2026 is ek die adjunkhoof van die Sekondêre Skool Lückhoff, waar ek aktief by akademiese leierskap, skoolbestuur en kurrikulumoorsig betrokke is. Hierdie leierskapsrol stel my in staat om die beleidskennis en navorsingsvaardighede wat ek tydens my nagraadse studies ontwikkel het, toe te pas. Ek beplan tans my PhD-studies en bly daartoe verbind om my akademiese reis voort te sit en tot navorsing wat inklusiewe onderwys en beleidsoperasionalisering in Suid-Afrika versterk, by te dra.

**Watter raad sou jy aan huidige studente gee?**
My raad aan huidige studente is eenvoudig: bly toegewyd aan jou akademiese doelwitte. Die reis is dalk veeleisend, maar die beloning is onmeetbaar. Die gevoel van vervulling wanneer jy jou graad ontvang, weeg veel swaarder as die

lang nagte, harde werk en opofferinge. Glo in jou potensiaal. As jou dosent 'n PhD kon verwerf, kan jy ook. Uitnemendheid kan deur dissipline, deursettingsvermoë en geloof in jou vermoëns bereik word. Hou moed en druk deur – jy sal jouself nog in die toekoms bedank daarvoor.



**Mieke Smit**

**Hoe het jy jou studie aan die Fakulteit Opvoedkunde ervaar?**
My ervaring was verrykend en transformerend. Ek het in Desember 2025 gegradueer met 'n Nagraadse Onderwyssertifikaat (Kurrikulumstudies), met spesialisering in wetenskaponderwys. Die program het my gehelp om sterk akademiese, professionele en persoonlike vaardighede te ontwikkel, terwyl dit my ook voorberei het om nadenkend te wees. Dit alles terwyl ek in Buenos Aires, Argentinië, gewerk en navorsing gedoen het. Ek het veral die wonderlike dosente, wat my studies so betekenisvol en tersaaklik gemaak het, gewaardeer.

**Hoogtepunte tydens jou studies?**
Een van die belangrikste hoogtepunte van my studie was om van die wonderlike dosente, wat ondersteunend en kundig was, en opreg in my groei as 'n toekomstige opvoeder belang gestel het, te leer. Nog 'n hoogtepunt was dat ek betekenisvolle navorsing oor wetenskaponderwys kon doen, terwyl ek wat ek geleer het in werklike kontekste kon toepas. Die studie en werk in Argentinië het ook my ervaring verryk, aangesien dit my in staat gestel het om internasionale blootstelling te kry en my perspektief op onderwys en kurrikulumpraktyk verbreed het.

**Was daar enige uitdagings?**
Een groot uitdaging was die handhawing van 'n balans tussen my nagraadse studies en voltydse werk en navorsing tydens my verblyf in Argentinië. Dit was met tye veeleisend om die verskillende verantwoordelikhede, tydsones en akademiese spertye te behartig. Ek was egter in staat om hierdie uitdagings deur noukeurige tydsbestuur, selfdissipline en toegewydheid aan my studies te oorkom en die program suksesvol af te handel.

**Wat doen jy nou (2026)?**
In 2026 gee ek onderwys aan die Hoër Meisieskool Paarl en sit my studies as 'n magisterstudent aan die Universiteit Stellenbosch voort. Ek is steeds besig om my vaardighede te ontwikkel en praktiese ervaring op te doen, terwyl ek positief bydra tot leerders en die groter onderwysgemeenskap.

**Raad aan huidige studente?**
My raad aan huidige studente is om gefokus te bly, om hulp te vra wanneer jy dit nodig het, en in jou eie vermoëns te glo. Maak gebruik van die hulpbronne en steun wat deur die Fakulteit Opvoedkunde aangebied word, omdat hulle baie het om te bied, vorm sterk verhoudings met jou dosente en onthou dat uitdagings deel van die leerreis is. Daar is 'n afdraand vir elke opdraand. Bly tot jou doelwitte verbind en vertrou dat jou harde werk die moeite werd sal wees.



Foto: Stefan Els

**Graduandi Desember 2025**
*Agter van links na regs: Michael Lindokuhle Manzi, Ongeziwe Mali, Reece Beukes, Bridget Botha, Dyan Buis*
*Voor van links na regs: Mieke Smit, Prof Madiba, Stefney-Rose de Vries*

# Die SciMathUS-program bied steeds **hoop** aan studente

*Nokwanda Siyengo*

Die SciMathUS-program is 'n universiteitsvoorbereidingsprogram wat in SUNSEP bedryf en deur die Fakulteit Opvoedkunde aan die Universiteit Stellenbosch aangebied word. Die program bied aan studente die geleentheid om hulle wiskunde- en natuurwetenskappe-punte in die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) te verbeter. Dit is 'n jaarlange program met intensiewe onderrig en stel studente in staat om hulle potensiaal te demonstreer in 'n ruimte wat bevorderlik vir leer is.

Wanneer studente hulle uitslae verbeter het, kan hulle by enige hoëronderwysinstelling inskryf vir studies op wetenskapsverwante gebiede. Die program bied onderrig, akademiese mentorskap, koshuismentorskap en psigososiale steun om die gaping tussen skool en universiteit te oorbrug, en studente vir suksesvolle studie voor te berei. Die program het in 2001 met slegs 40 studente begin en 25 jaar later toon SciMathUS steeds dat waar daar 'n wil is, daar 'n weg sal wees.

In Suid-Afrika is goeie prestasie in STEM-vakke (wetenskap, tegnologie, ingenieurswese en wiskunde) steeds 'n uitdaging en verhinder dit eerstegenerasie-studente van deelname aan studiegebiede wat studente met die beste punte en wat as akademies gereed vir hoëronderwysstudies beskou word, keur. Die sogenaamde poortvakke, naamlik wiskunde en natuurwetenskappe, is steeds 'n fokus van verbetering, aangesien prestasie steeds onstabiel bly. Die prestasie van ons studentekohort van 2025 getuig van hoe veerkragtigheid, vasberadenheid en ywer goeie uitslae kan lewer. Die nasionale slaagsyfer vir wiskunde in die NSS het in 2025 van 69% na 64% gesak, terwyl dit vir natuurwetenskappe van 76% na 77% gestyg het.

In die SciMathUS-program het die top 10-studente tussen 80% en 90% in wiskunde en natuurwetenskappe behaal. Hierdie verbeterde punte het beter geleenthede vir keuring vir die



*Een van ons jongste alumni wat aan die einde van 2025 haar MBChB verwerf het.*

"Ek wil graag my opregte dank uitspreek teenoor die hele SciMathUS-span vir die waardevolle steun en leiding wat gebied is. Julle werk het 'n beduidende rol gespeel om ons te help om ons drome te verwesenlik en met die transformering van lewens. Julle toewyding word opreg op prys gestel en diep gewaardeer.


*(Dr Keneilwe Mataboge)*

SciMathUS-studente in die hoogs selektiewe programme geskep en 75% van die kohort is suksesvol vir hoëronderwysstudies gekeur.


Die SciMathUS-programmandaat kom nie tot 'n einde aan die einde van die SciMathUS-jaar nie. Ons ondersteun ons studente ook met hulle aansoeke om universiteitstudies. Ons werk met ander hoëronderwysinstellings saam, sodat hulle 'n groter keuseomvang het ten opsigte van watter instelling hulle wil bywoon. Ons ondersteun diegene wat verkies om aan die Universiteit Stellenbosch te studeer totdat hulle gradueer.

Die SciMathUS-program lewer bewys dat veerkragtigheid tot positiewe uitkomste lei. Die Amerikaanse Sielkundevereniging (APA) omskryf veerkragtigheid as "die proses en uitkoms van suksesvolle aanpassing by moeilike of uitdagende lewenservarings, in wese deur geestelike, emosionele en gedragsaanpasbaarheid en aanpassing by eksterne en interne eise". Ons is baie trots op AL ons alumni, waar hulle voortgaan om die lewensreis met HOOP te navigeer.

*Die onderstaande grafiek toon voormalige SciMathUS-studente wat van 2004 tot 2024 aan die Universiteit Stellenbosch gegradueer het.*




*Die onderstaande grafiek toon voormalige SciMathUS-studente wat hulle nagraadse kwalifikasies aan die Universiteit Stellenbosch verwerf het. Hierdie grade is tussen 2005 en 2024 toegeken.*






PRAKTIESE LEER: INTERNASIONALE SAMEWERKING

# “Plaaslik bevoegd en globaal tersaaklik”





*Dr Chrischar Rock*

Nuwe medewerking tussen die Fakulteit Opvoedkunde en St George’s College in Buenos Aires, Argentinië, het in Augustus 2025 afgeskop. Drie van ons Honneurs BEd studente (Celine Lucas, Reece Beukes en Mieke Smit) is die opwindende geleentheid gegun om vier maande lank as onderrigassistente by St George’s College deur te bring, terwyl hulle ook vakkundige navorsing vir hulle nagraadse studies doen.

Hierdie internasionale medewerking is daarop gemik om eerstens die interkulturele bevoegdhede van afgestudeerde onderwysers en tweedens die rol van mentoronderwysers in die lewens van nuwelingonderwysers, te ondersoek. Medewerkings van hierdie aard is belangrik, aangesien dit insig bied in klaskamers in internasionale en diverse opsette, terwyl dit lig werp op die mate waartoe ons afgestudeerde onderwysers van Stellenbosch in staat is om hulle onderrigvaardighede in verskillende kontekste toe te pas. Vanselfsprekend lig ’n medewerking soos hierdie natuurlik soortgelykhede en verskille in professionele standaarde vir onderwysers uit, terwyl dit ook waardevolle insigte bied in die vaardighede en bevoegdhede wat ’n onderwyser in die 21ste eeu nodig het.

Die projekleiers, dr Chrischar Rock en dr Louise Botha, het onvermoeid gewerk om hierdie internasionale medewerking met St George’s College vas te lê en daar word beoog dat meer studente in die toekoms aan hierdie skoolgebaseerde plasing sal kan deelneem. Die eerste drie graduandi het sedertdien van hulle skoolgebaseerde plasing af teruggekeer, so ons kan hoor wat hulle oor hulle ervaring te sê het!

## Celine Lucas (HonsBEd: Grondslagfase)

***Wat het jy omtrent jou ervaring aan St George’s College geniet?***

Ek het die geleentheid vir internasionale onderrig-ervaring in Buenos Aires geniet, aangesien dit aan my waardevolle blootstelling aan ’n ander kurrikulum en onderwysstelsel gebied het. Die werk met leerders wie se eerste taal Spaans is, het van my vereis om my onderrigbenadering aan te pas, aangesien ek nie Spaans praat nie. Die navigasie van die taalhindernis het my uitgedaag om alternatiewe strategieë, soos visuele hulpmiddele en modellering, te gebruik. My voorgraadse BEd, met sy sterk fokus op gedifferensieerde klasgee, kultureel-responsiewe onderrig en leerdergerigte strategieë, het my met die kennis en vaardighede toegerus om doeltreffend op hierdie uitdagings te reageer. Dit het my gehelp om my aanpasbaarheid, kreatiwiteit en professionele groei as ’n opvoeder verder te verryk.



*Celine Lucas fasiliteer ’n groepleessessie*

## Mieke Smit (HonsBEd: Kurrikulumondersoek)

***Wat het vir jou uitgestaan tydens jou tyd aan St George’s College?***

Wat ek die meeste omtrent die internasionale onderrigervaring in Buenos Aires geniet het, was om ’n ander kulturele en linguistiese konteks te beleef. Dit was van waarde om met leerders en onderwysers saam te werk, wat leer op kreatiewe en medewerkende maniere benader het, en ek het dit geniet om by die alledaagse skoollewe in Argentinië betrokke te wees. Die ervaring het my in staat gestel om persoonlik te groei, terwyl ek ook ’n dieper begrip van globale onderwys en kultureel-responsiewe onderrigpraktyke opgedoen het.



*Mieke Smit gee 'n wetenskapklas oor verskillende soorte materiaal*



*Reece Beukes gee 'n klas oor fotosintese*

**Noem van die vaardighede wat jy gedurende jou internasionale plasing ontwikkel het?**

Die vaardighede wat ek verder ontwikkel het, was interkulturele kommunikasie, aanpasbare lesbeplanning en klaskamerbestuur in meertalige opsette. Dit het aan my meer selfvertroue verleen, het my meer nadenkend en veerkragtig as 'n afgestudeerde onderwyser gemaak, en beter voorbereid om inklusiewe leeromgewings te skep, wat leerders met verskillende behoeftes en ervarings ondersteun. Ek het waardevolle insigte bekom in alternatiewe onderrigbenaderings en assesseringspraktyke, en die funksionering van skole in 'n ander onderwysstelsel. Hierdie ervaring het my professionele identiteit en selfvertroue versterk, en my begrip van hoe doeltreffende onderrig globaal kan lyk, verbreed. Daar was talle uitdagings tydens my internasionale onderrigervaring in Buenos Aires, soos taalhindernisse, onbekende skoolroetines en die aanpassing by 'n ander kurrikulum. Ek was bly dat ek kon staatmaak op my aanpasbaarheid, kommunikasievaardighede en ondersteunende eweknieë en hierdie uitdagings kon navigeer. Die ervaring het my geleer om geduldig, ruimdenkend en proaktief te bly, en om uitdagings as geleenthede vir professionele en persoonlike groei te beskou."

## Reece Beukes (HonsBEd: Kurrikulumondersoek)

**Kan jy jou ervaring vir ons kortliks opsom?**

Genot deurvleg met uitdagings – die dubbele heliks van die lewe. Dit is wat ek sou sê. Wat ek die meeste omtrent die onderrigervaring in Buenos Aires geniet het, was die indompeling in 'n nuwe opvoedkundige en kulturele konteks, terwyl lewenswerklike klaskameruitdagings genavigeer word. Laasgenoemde sluit in die aanpas by taalverskille en onbekende skoolstelsels, en diverse leerderbehoeftes het my uit my gemaksone uit gedwing. Ek was dankbaar dat ek op my veerkragtigheid, aanpasbaarheid en nadenkende praktyk kon steun om hierdie uitdagings sinvol te navigeer. Ek kon die diepgaande verskille tussen openbare en privaat skole raaksien, aangesien dit my eerste ervaring van 'n privaat skool was. Ek het besef dat die gaping tussen openbare en privaat skole altyd groot sal wees, ongeag die land waarin jy jou bevind.

**Wat het veral vir jou uitgestaan gedurende jou tyd aan St George's College?**

"Ek was nog altyd 'n draadsitter oor die 'medeklaskamer'-dinamika – twee onderwysers in dieselfde klaskamer. Ek het uitdagings soos ongelykheid in gesag, verskille in klaskamerbestuur en so meer, voorsien. My siening het egter verander en dit het, verbasend genoeg, regtig goed gewerk. Ek het die uitruil van idees onder die onderwysers, hulle ondersteuning, voorligting en bystand van mekaar, veral gedurende deurslaggewende onderrig- en leertye, geniet. Ek was ook gek na die wese van die kurrikulum van St George's College – die feit dat dit so leerdergerig en holisties is, en 'n probleemoplossingsbenadering tot alle aspekte van onderrig en leer inneem. Natuurlik is daar uitdagings met enige kurrikulumoperasionalisering. Ek sal egter altyd dankbaar bly die geleentheid om my as 'n BEd-akademikus en onderwyser vir verdere verkenning van my belangstellings in kurrikulumondersoek te verdiep, en dat dit in 'n internasionale Suid-Amerikaanse klaskamer kon plaasvind!"

**Wat sou wou hê dat ander graduandi moet weet?**

Iets spesiaal omtrent ons tyd in Argentinië was die geleentheid om saam met die ander onderrigassistente uit Engeland en Amerika te reis. Klein oomblikke, soos die beplanning van ons volgende toer of daguitstappies, was net sommige van die absolute hoogtepunte. Die deel van lesse met die ander assistente, om meer oor die skooltradisies van St George's College te leer, en selfs net informele gesprekke met onderwysers en leerders het die ervaring van diepe betekenis gemaak. Ons het geleer dat egte verbintenis, empatie en oopheid net so belangrik soos vakkennis is, en dat onderrig uiteindelik gaan oor die opbou van verhoudings wat leer oor kulture heen ondersteun.

*Vir meer inligting oor hierdie medewerking en besonderhede oor hoe om aansoek te doen, kontak gerus vir dr Chrischar Rock of dr Louise Botha.*

Universiteit Stellenbosch Sentrum vir Pedagogie (SUNSEP): Onderwyser- professionele leer (OPL)

# Internasionaliseringsprofiel




*Studente en personeel uit al drie universiteite het aan die mobiliteitsgeleenthede deelgeneem.*

*Dr Pauline Hanekom*

Die Universiteit Stellenbosch Sentrum vir Pedagogie (SUNSEP), in 2013 in die Fakulteit Opvoedkunde gevestig, is 'n strategiese akademiese sentrum wat gerig is op die versterking van onderwyser- professionele ontwikkeling en die uitbreiding van onderwys van gehalte in Suid-Afrika. Die werk is gevestig in pedagogiese innovasie, navorsing en medewerkende vennootskappe wat verbeterde onderrig en leer ondersteun.

SUNSEP bestaan uit vier geïntegreerde komponente, waaronder die Onderwyser- Professionele Leer-eenheid (OPL), wat toegewy is aan die uitbrei van die gehalte en impak van professionele leer vir opvoeders. Internasionalisering het 'n hoofpilaar in die OPL se mandaat geraak, wat die eenheid in staat stel om by globale vennootskappe, medewerkende navorsing en mobiliteitsinisiatiewe betrokke te raak. Hierdie ondernemings posisioneer die OPL as 'n aktiewe bydraer tot die internasionale opvoedkundige diskoers, terwyl dit die plaaslike professionele leer-ekostelsels verryk.

**Strategiese posisionering van die OPL-komponent**

Die OPL lewer navorsingsonderlegde professionele leerprogramme wat ontwerp is om opvoeders te bemagtig, onderriguitnemendheid te versterk en verbeterde leerderuitkomste te ondersteun. Die klem op innovasie, medewerking en responsiwiteit strook met SUNSEP se missie om die leiding in akademiese professionele leer in Suid-Afrika te neem en om tot volhoubare opvoedkundige verandering by te dra.

Internasionalisering versterk hierdie missie deur die fasilitering van die uitruil van pedagogiese benaderings, modelle van professionele leer en bewysgebaseerde praktyke oor grense heen. Deur globale samewerking versterk die OPL sy kapasiteit om opvoedkundige verbetering plaaslik te bevorder, terwyl Suid-Afrikaanse kundigheid met internasionale netwerke gedeel word.

**DigiSTEAM: Medewerking in digitale 'STEAM'-pedagogie**

DigiSTEAM (2024–2025) is een van die internasionaliseringsinisiatiewe in die OPL-portefeulje en word in vennootskap met die Departement Kurrikulumstudies aangebied. Die medewerking, wat die Universiteit van Helsinki, die Universiteit van Oos-Finland, en die Universiteit Stellenbosch betrek, fokus op die bevordering van gelykheid in die onderwys deur digitale STEAM-pedagogie in onderwyservoorbereiding en professionele ontwikkeling.

**Die hoof- internasionale dimensies sluit in:**

- **die uitruil van digitale pedagogie oor die land heen** deur virtuele leeraktiwiteite, medewerkende werksessies, en meertalige

STEAM-hulpbronne in Engels, Afrikaans en isiXhosa;
- **korttermynmobiliteit vir opvoeders en studente** uit Suid-Afrika en Finland, wat interkulturele bevoegdhede en digitale STEAM-vaardighede verbeter;
- **gesamentlike navorsingsuitsette**, met inbegrip van MA-tesisse en akademiese publikasies, wat insig in doeltreffende digitale STEAM-onderrig bevorder; en
- **gemeenskapsgebaseerde medewerking,** soos skoolbesoeke en betrokkenheid by ondervoorsiene Suid-Afrikaanse gemeenskappe, wat aan internasionale vennote direkte blootstelling aan die plaaslike onderwysrealiteite bied.

Deur DigiSTEAM het die OPL sy internasionale voetspoor versterk, terwyl dit tot gelyke, globaal-onderlegde STEAM-onderwyspraktyke bygedra het.

**ProTEEM: Die versterking van onderwyser-opvoederprofessionalisme oor vastelande heen**

ProTEEM (2024–2027) is nog 'n groot internasionale program waarby SUNSEP betrokke is. Die inisiatief bring meer as 30 onderwys-opvoeders uit die Demokratiese Republiek van die Kongo, Zambië, Suid-Afrika, België en Litaue byeen. Die Universiteit Stellenbosch dra kundigheid by wat in die besonder vir professionele leer in kontekste met min hulpbronne tersaaklik is.

ProTEEM bevorder die OPL se internasionaliserings-agenda deur:

- **globale kapasiteitsontwikkeling**, deur die opleiding van onderwyser-opvoeders deur gemengde, inklusiewe en outonomie-gerigte modelle wat geletterdheids- en gesyferdheidsonderrig oor vennootlande heen verryk;
- **genderresponsiewe en digitaal-ondersteunde leermateriaal,** met inbegrip van lae-tegnologie-nutsmiddels, omgekeerde klaskamer-hulpbronne en gemengde leertake wat oor instellings heen gedeel is;
- **doktorale navorsingsmedewerking**, met vier vroulike PhD-kandidate uit die DRK en Zambië wat hibridiese benaderings tot voortgesette professionele ontwikkeling (VPO) ondersoek en sodoende langtermynnavorsingsvermoëns uitgebrei het; en
- **institusionele vennootskappe oor Afrika en Europa heen**, wat SUNSEP in die internasionale kennisbounetwerke vasgelê en die globale tersaaklikheid van sy professionele leer-kundigheid bevestig het.

Deur ProTEEM het SUNSEP homself nie slegs as 'n deelnemer geposisioneer nie, maar ook as 'n bydraer van konteksryke, praktykgegronde insigte in globale onderwyshervorming.

**Konsolidering van internasionalisering in die OPL**

Met inisiatiewe soos DigiSTEAM en ProTEEM bevorder die OPL-komponent aktief SUNSEP se visie van internasionaal betrokke, navorsingsgedrewe en maatskaplik-responsiewe professionele leer. Hierdie projekte versterk die OPL se verbintenis tot:
- die opbou van globale vennootskappe wat plaaslike onderwysinnovasie versterk;
- die fasilitering van interkulturele uitruiling wat professionele leerperspektiewe verdiep;
- betrokkenheid by medewerkende navorsing wat globale bewysbasisse verryk; en
- die ontwikkeling van aanpassende praktyke wat Suid-Afrikaanse en internasionale onderwyser-ontwikkelingsprioriteite ondersteun.


Deur die instandhouding en uitbreiding van hierdie vennootskappe konsolideer die OPL sy rol as 'n beduidende bydraer tot internasionale onderwysnetwerke en 'n invloedryke vennoot in die bevordering van gelyke, hoëgehalte-onderwys in diverse kontekste.





*Prof Sibusiso Moyo (VR: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies) het ProTEEM se VPO-werksessies met die hoofrede geopen.*

# MAAK GESKIEDENIS MOBIEL:
## Die plaaslike geskiedenis-projek




*'n Voorbeeld van 'n student se museum-in-'n-boks-projek waarvoor studente 'n nuttige en goedkoop hulpbron moes skep om die Graad 4-geskiedenisonderwerp, "Plaaslike Geskiedenis", te onderrig.*

*Dr Tarryn Hallsall*

My sosiale-impakprojek is geanker in plaaslike geskiedenis en die belangrikheid van die skep van 'n bruikbare verlede vir leerders. Die vraag wat gevra is: hoe skep ons 'n bruikbare verlede in ondervoorsiene skole? Die projek is 'n uitbreiding van die vierdejaars- plaaslike geskiedenis-projek waarvoor die student 'n reisende uitstalling, of 'n 'museum in 'n boks' op grond van hulle gekose plaaslike gebied moet skep.

Die finalejaarsprojek is veelsydig en behels 'n verskeidenheid navorsingskomponente wat fokus op die plaaslike gebied wat deur die studente gekies is. Aan die kern daarvan verg die projek egter van studente om 'n museum in 'n boks te skep, wat spesifiek die geskiedenis in hulle omgewing uitlig. Die doel van hierdie projek is om 'n nuttige en goedkoop hulpbron vir die onderrig van die graad 4-geskiedenisonderwerp, "Plaaslike Geskiedenis", saam te stel. Die skep van hierdie boks moedig studente aan om geskiedenis van onder af te beskou en die kollig te laat val op die veranderende aard van geskiedenis, terwyl die geskiedenis as 'n fisiese ruimte deur die geboue of monumente vasgelê word. Die uitgangspunt van hierdie projek is die belangrikheid van die onderrig en leer van plaaslike geskiedenis; dit word egter nie altyd deeglik binne die kurrikulum verken nie. As die inleidende onderwerp tot geskiedenis as 'n vak, is plaaslike geskiedenis veronderstel om die leerders aan die konsep van bronne en ook die belangrikheid van gemeenskapsgeskiedenis en 'n mens se eie individuele identiteit, wat aan daardie geskiedenis verbind is, bekend te stel. Weens hulpbronbeperkings is dit egter nie altyd moontlik om leerders aan primêre bronne bekend te stel nie, wat dus die ontwikkeling van hulle geskiedkundige denke beïnvloed. Die reisende uitstalling bied 'n goedkoper alternatief vir skooluitstappies en integreer ook geskiedenis van onder af.

Die sosiale-impakprojek beplan om die reisende uitstallings wat die studente vir die ondervoorsiene skole in Stellenbosch en omstreke ontwikkel, verder te ontwikkel en te dupliseer. Dit sal die onderwys met hulpbronbeskikbaarheid en toegang tot primêre bronne vir die graad 4-leerders bystaan. 'n Tweede komponent van die projek behels dat studente hulle navorsing sal kan neem en op beide nasionale en internasionale vlak by konferensies sal kan aanbied. In 2025 kon ek drie studente na die jaarlikse konferensie van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Geskiedenisonderwys (SASHT) in Kaapstad neem, waar hulle hul navorsing en ervaring met die skep van reisende uitstallings aangebied het.

Die projek het 'n tweeledige doelwit: praktiese hulpbronontwikkeling en akademies. Die studente bring waardevolle hulpbronne vir graad 4-leerders voort en moedig dus die gebruik van betrokkenheid by primêre bronne en die verkenning van die belangrikheid van plaaslike geskiedenis as sentraal tot hierdie projek aan. Die tweede komponent fokus op die akademiese moontlikhede vir die studente self, sodra etiese klaring goedgekeur is. Hoewel die projek nog in sy kinderskoene staan, is die akademiese doelwit dat dit sal opbou tot 'n projek, onder leiding van studente, waar studente by konferensies kan aanbied en ook hulle navorsing kan publiseer. Hierdie ervarings kan van groot waarde wees vir onderwysstudente, voordat hulle tot die onderwys toetree.



*Dr. Hallsall (tweede van links) saam met sommige van die geskiedenisstudente - Lauren Mulling, Emma Hammond, Kira van den Berg en Kalma Savage.*

# Internasionale Pi-dag: **Wiskunde in aksie deur betrokkenheid en sosiale impak**













*Erika Potgieter & Tania Wait*

Internasionale Pi-dag, wat jaarliks op 14 Maart (3/14) gevier word, eer die wiskundige konstante ϖ (pi), ongeveer gelyk aan 3.14159. Binne die Wiskunde-onderwys 177/179-module is hierdie wêreldwye viering omskep in 'n betekenisvolle, openbare en sosiaal-responsiewe leerervaring vir eerstejaarstudente.

Die MATH 177/179 studentegroep het deelgeneem aan 'n doelbewus ontwerpte projek wat binne die Internasionale Dag van Wiskunde (IDM) ingebed is en wat hulle gevier het op Maandag, 16 Maart 2026. Die projek plaas die klem op wiskundige denke, probleemoplossing, voorstellings en dialoog, eerder as blote memorisering . Die kulminasie van hierdie proses was die ontwikkeling van opvoedkundige plakkate wat daarop gemik is om wiskundige geletterdheid buite die universiteitskonteks te bevorder.

Die projek het van studente vereis om teoretiese kennis te vertaal na toeganklike en visueel aantreklike voorstellings van wiskundige idees. In hierdie proses het hulle die eienskappe en toepassings van ϖ verken binne verskeie kontekste, insluitend meetkunde, meting, ingenieurswese en data. Dit het nie net hul konseptuele begrip verdiep nie, maar ook hul vermoë ontwikkel om wiskunde duidelik en betekenisvol te kommunikeer—'n kernvaardigheid vir toekomstige onderwysers.

'n Sleutelelement van die projek is die fokus op outentieke betrokkenheid. Studente moes hul werk publiek aanbied en verduidelik, en aktief wiskundige gesprekke met eweknieë, dosente en verbygangers fasiliteer. Dit stem ooreen met hedendaagse navorsing in wiskunde-onderwys, wat beklemtoon dat betekenisvolle leer deur interaksie, verduideliking en regverdiging in werklike kontekste plaasvind. Die uitstalling het 'n dinamiese ruimte geskep waar wiskunde nie net vertoon is nie, maar ervaar en bevraagteken is.

Net so belangrik is die sterk sosiale impak van die projek. Elke groep het 'n onderbefondsde skool in die gemeenskap geïdentifiseer en hul plakkate as volhoubare onderrighulpbronne geskenk. Hierdie proses het formele kommunikasie en gedokumenteerde oorhandigings ingesluit om te verseker dat die hulpbronne sinvol in die klaskamer gebruik kan word . Op hierdie wyse het die projek leer buite institusionele grense uitgebrei en studente as aktiewe rolspelers in opvoedkundige geregtigheid geposisioneer.

Die Pi-dag-uitstalling het 'n lewendige platform gebied vir die vertoon van studente se werk. Dosente en medestudente het met die uitstallings geskakel en die kreatiwiteit sowel as die pedagogiese waarde daarvan gevier. Die atmosfeer was terselfdertyd intellektueel stimulerend en feestelik, wat die relevansie van wiskunde in die alledaagse lewe beklemtoon het.

# Fakulteit Opvoedkunde se **Digitale Innovasie- en Leerinstituut (Hub)**: 'n Platform vir toekomsgepaste onderwyseropleiding

*Prof Anass Bayaga*

Fakulteit Opvoedkunde is besig met die vestiging van 'n Digitale Innovasie- en Leerinstituut (die Hub) vir die bevordering van pedagogiese innovasie, digitaalbemagtigde onderwyseropleiding, toegepaste navorsing en gemeenskapsbetrokkenheid. Die Hub is 'n praktiese platform vir die modernisering van onderwyservoorbereiding – wat simulasiegebaseerde leer, skeppingsruimtes, media-ateljees en KI-in-onderwys-kapasiteit konsolideer om graduandi-gereedheid en opvoedkundige impak te versterk.

**Mandaat en fokusgebiede**

Digitaalbemagtigde leer en onderrig: versterk gemengde, hibridiese en dompelleerbenaderings, met inbegrip van simulasiegebaseerde praktyk en digitale praktikumsteun.

Verantwoordelike KI in onderwys: bou kritiese, etiese en pedagogiese kapasiteit vir KI-gebruik in onderrig, leer en assessering op.

Toegepaste navorsing vir impak: bemagtig interdissiplinêre navorsing, innovasie-loodsprojekte en bewysonderlegde besluitneming vir onderwyseropleiding.

Vennootskappe en betrokkenheid: medewerking met skole, NRO's, die bedryf en eweknie-instellings om die Hub se omvang en tersaaklikheid uit te brei.

**Vordering tot op hede**

Sedert die middel van 2025 het die Hub heelwat gevorder met oorsigbestuur en beplanningswerk, waaronder 'n Konsepstrategie (2026–2030) en gestruktureerde belanghebbendebetrokkenheid om strukture, programme en finansieringsbane te belyn. Departementele raadpleging het begin met die uitlig van prioriteitsbehoeftes, soos hoëbetrokkenheids-gemengde leer op skaal, duidelike riglyne vir verantwoordelike KI-gebruik, navorsingsbemagtiging en gereedheid vir ongelyke skoolkontekste, ondersteun deur aangewese 'digitale voorstanders'.

Om 'n gedeelde begrip regoor die Fakulteit op te bou, is die Hub besig met 'n Fakulteitbreë opname ("Navigating AI: Tools, Platforms, and Approaches") en die sameroeping van 'n KI-seminaarreeks wat kundige insette en gemodereerde dialoog kombineer, om beleidsbehoeftes na vore te bring, onderrigpraktyk te rig en navorsingsgeleenthede uit te ken.

**Voorlopige Fakulteitsverslag oor KI-omvang (2025): Ontluikende insigte**

Die Fakulteitsbreë KI-omvangstudie wat van Augustus tot November 2025 gedoen is, het data deur opnames, onderhoude en departementele gesprekke ingesamel om gereedheid, persepsies en strategiese behoeftes ten opsigte van KI-opname in onderrig, leer en navorsing uit te stip.

**Hooftemas wat geïdentifiseer is**

**Gereedheid en bewustheid:** Die meeste personeel erken die transformerende potensiaal van KI, maar is onseker oor etiese gebruik, pedagogiese integrasie en institusionele beleidsraamwerke.

**Kapasiteitsleemtes:** Opleidingsbehoeftes is regoor assesseringsontwerp, inhoudgenerasie en studente-betrokkenheid beklemtoon, veral vir dissiplines wat minder aan digitale pedagogie blootgestel word.

**Infrastruktuur en toegang:** Ongelyke digitale toegang – veral in skole met beperkte hulpbronne wat met die Fakulteit saamwerk – beperk eksperimentering en volhoubare KI-integrasie.

**Navorsings- en innovasiegeleenthede:** Daar is groot belangstelling in medewerkende KI-in-onderwys-projekte wat fokus op dataontleding vir leerondersteuning, die monitering van akademiese integriteit en verpersoonlikte leer.

**Oorsigbestuur en beleid:** Respondente het die gebrek aan konsekwente Fakulteitsvlakriglyne vir verantwoordelike KI-gebruik uitgelig. 'n Toegewese KI-beleidswerkgroep is voorgestel om 'n oorsigraamwerk, wat strook met die Universiteit Stellenbosch se Verantwoordelike KI-handves, op te stel.









*'n Kunstenaar se voorstelling van hoe die Hub sal lyk.*

**Volgende stappe**

Die bevindings sal in die Digitale Innovasie- en Leerinstituut (Hub) se padkaart (2026–2030) ingevoer word, en die opleidingsklinieke, etiek-raamwerke en toegepaste navorsingsprioriteite daarvan onderlê. Die omvangstudie se uitkomste sal ook die ontwerp van die eerste Fakulteits- KI-volwassenheidsbeheerpaneel, wat vir vroeg in 2026 geskeduleer is, ondersteun.

**Leer uit die sektor**

Daar is begin met standaardbepaling teen die ander nasionale en internasionale hubs en dit onderlê die Hub se ontwerpkeuses, met inbegrip van hoë-impakpraktyke soos 'n studentoperateurmodel vir gevorder laboratoriums, 'n adviesraad onder leiding van kenners in die bedryf, derdestroom-kort leerprogramme en 'n vlagskip- vroue-in-tegnologie-toevoer. Hierdie insigte vorm die vroeë-operasionaliseringsprioriteite, soos 'n duidelike dienskatalogus, standaard- bedryfsprosedures (SBP's)/diensvlakooreenkomste (DVO's) en 'n impakbeheerpaneel.

**Fase 1 se uitsette (Nov 2025 – April 2026)**

- Handel die oorblywende departementele raadpleging af en publiseer die Hub se aanvanklike dienskatalogus en SBP's.
- Stel 'spoedwins'-klinieke bekend (bv. KI-beleidsgeletterdheid en assesseringsontwerp) en bevestig digitale voorstanders in die Fakulteit.
- Stel 'n impakbeheerpaneel en kwartaalikse verslagdoening op (aanwending, ekwiteits-omvang, uitsette en uitkomste).
- Maak vordering met interne finansieringsvereistes en fasiliteitsintegrasie deur 'n gefaseerde ruimtemodel (ateljees, robotika-laboratorium en 'n medewerkingsone).

**Hoe kollegas betrokke kan raak**

Die Hub is as 'n bemagtigende platform. Personeel kan betrokke raak deur loodsprojekte voor te stel, saam te werk aan die ontwikkeling van kortkursusse, deel te neem aan die seminaarreeks, prioriteitsbehoeftes vir onderrig en assessering te identifiseer en tot navorsingsinisiatiewe wat digitale innovasie, leerontleding en verantwoordelike gebruik van KI in onderwys verken, by te dra.

**Navrae**

Vir navrae en medewerking:
Prof Anass Bayaga (abayaga@sun.ac.za)



# **Bou onderwysers se selfvertroue** met KI en tegnologieë

*Prof Anass Bayaga*

Fakulteit Opvoedkunde is gereed om 'n stel virtuele kort leerkursusse (KLK's), wat spesifiek vir die basiese onderwyssektor (graad R–12) ontwerp is, in Suid-Afrika en internasionaal bekend te stel. Dit is daarop gemik om onderwysers met praktiese, klaskamergeskikte benaderings tot kunsmatige intelligensie (KI) en dompeltegnologieë by te staan – gegrond op professionele oordeel, kurrikulumbelyning en verantwoordelike praktyk.

**Wat onderwysers kan verwag**

Leweringsmodus:
100% asinchroniese aanlyn leer oor drie weke (ongeveer 15 uur in totaal)

Weeklikse roetine:
Maandag: module-opening en kontrolelys; Maandag–Woensdag: aktiwiteite en artefak-indiening; Donderdag–Saterdag: gestruktureerde eweknie-oorsig; Sondag, besinning

Fooi: R8 000 per deelnemer per KLK (betaalbaar aan die Universiteit Stellenbosch)

**Kortkursusse**

- **KI in opvoeding** – Verander alledaagse onderrigtake (beplanning, hulpbronne, terugvoer) in betroubare KI-ondersteunde werksvloeie, met inbegrip van verifikasiekontrole en 'n 'verantwoordelike gebruik'-verklaring wat met skoolleiers, ouers en leerders gedeel kan word.
- **Die gebruik van KI in assessering** – Die opstel en verfyning van KABV-belynde vrae, take, rubrieke en terugvoer, terwyl die professionele oordeel stewig in mensehande bly, met 'n POPIA-bewuste momentopname van skoolassesseringsbeleid.
- **KI in robotika en kodering** – Die ontwerp van eenvoudige robotika-/mikrobeheerder-werksaamhede waar KI as 'n koderingsvennoot optree, met inbegrip van minstens een KI-bygestaande 'miniprojek' wat met leerders hergebruik kan word, en voorligting oor veilige bedradings- en datapraktyke.
- **Virtuele en vergrote realiteit (dompel-teg-nologieë)** – Die ontwerp van een KABV-belynde dompelleerervaring (met robuuste laetegnologie-alternatiewe waar toestelle beperk is), met inbegrip van insluitingstrategieë, oorweging van leerderveiligheid en eenvoudige assesserings-integrasie.

**Waarom dit nou belangrik is**

Onderwysers is onder druk om op die vinnige tegnologiese veranderinge te reageer, terwyl kurrikulumvereistes steeds nagekom en akademiese integriteit en leerderwelstand beveilig word. Hierdie KLK's is doelbewus prakties: dit fokus op wat onderwysers onmiddellik kan doen – hoe om leerervarings met die verantwoordelike gebruik van opkomende nutsmiddels te beplan, te onderrig, te assesseer en te ontwerp, selfs in ongelyke skole.

**Die pad vorentoe**

Benewens die afwisselende aanbied van hierdie KLK's, beplan die Fakulteit om multi-kursus-programbane op gebiede soos 'n uitgebreide KI in opvoeding-reeks, KI in robotika en kodering, en dissipline-spesifieke toepassings (bv. wiskunde-onderwys, wetenskaponderwys, taal en geletterdheid, sosiale studies en rekenaar-toepassingstegnologie), asook KI-projekte vir die klaskamer en data-ontleding vir opvoedkundige verpersoonliking, bekend te stel.

**Navrae en inskrywing**

Rig enige navrae aan prof Anass Bayaga
Epos: abayaga@sun.ac.za